Petros

Nuusbrief van NG Kerk Wierdapark-Suid

UITGAWE 1 • Januarie 2012 • www.wierdapark-suid.co.za • KERKKANTOOR: (012) 653 2280

dien Elkeen ^ saam in Christus

"God is tog 'n God van orde en vrede ... sorg dan dat alles tot opbou van die gemeente verloop"
(I Kor 14:33, 26)

Al hierdie bedieninge gebeur nie maar net nie. Agter dit alles is 'n hele span personeellede: Ons leraars, jeugwerker (wat ook vanjaar sy praktiese jaar as teologiestudent by ons doen), kantoorpersoneel, musiekbegeleiers, tegniese span, kosters en arbeiders vorm almal saam 'n span om alles vlot te laat verloop.

Die gemeente staan voor 'n groot uitdaging wanneer ds Cassie, na 24 jaar in die gemeente, DV einde Februarie aftree. Die gedagte is om nie weer 'n leraar in sy plek te beroep nie. 'n Groter appèl gaan op lidmaatbemagtiging geplaas word. Daar sal dan ook meer fondse beskikbaar wees vir direkte bedieningsbehoeftes.

Ons gemeente het 'n jaarlikse omset van ongeveer R 4 miljoen rand. Maandelikse bydraes word gegee deur middel van debietorders, internet-oorbetalings en dankofferkoevertjies (wat twee-maandeliks gepos word). Dan het ons ook nog ons tiendemaanddankoffers.

Kommunikasie geskied deur middel van ons weeklikse afkondigings tydens eredienste, Petros-nuusbrief en weeklikse epos-nuusbriewe. Maak ook gerus 'n draai op ons webwerf (www.wierdapark-suid.co.za). Die gemeente het ook 'n bladsy op "Facebook", as u daar wil gaan loer.

Wierdapark-Suid beskik ook oor goed ingerigte fasiliteite. Kontak die kerkkantoor vir privaat-verhurings. Dan is daar nog die gebedstuin met 'n herinneringsmuur. Koop betyds 'n nissie waarin u geliefdes se as veilig bewaar kan word.

Die waarde van 'n gemeente word nie gemeet aan sy fondse en/of fasiliteite nie, maar sy personeel.

KONTAKBESONDERHEDE VAN ONS GEMEENTE IS:

Straatadres:
Cotielaan 306, WIERDAPARK, 0149

Posbusadres:
Posbus 52011, WIERDAPARK, 0149

Tel: 012 653 2280 / 7212

Faks: 012 653 2195

Epos: ngwps@mweb.co.za

Webadres: www.wierdapark-suid.co.za

GPS: S25,86387 E28,13791

Noodnommer (na-ure): 012 653 2280

Kantoor-ure:
Ma – Vry (08:00 – 13:00);
Don (16:00 – 19:00)

Bankbesonderhede:
ABSA, Mall@Reds-tak (632005),
Rekening nr: 3260 140 689



30 Jaar van Genade

Op 5 Augustus 1982 het ons gemeente, Wierdapark-Suid, vanaf Raslouw gemeente afgestig.

Vanjaar vier ons hierdie 30 jaar van God se genade gedurende die naweek van 3- 5 Augustus. Maak nou alreeds 'n aantekening in jou dagboek! En meld sommer ook aan om te help met hierdie grootse geleentheid op ons jaarprogram.

In hierdie tyd het ons gemeente gegroei van 'n eenmans-gemeente tot waar ons vandag is. Ons gemeente bestaan uit bykans 4000 lidmate (groot en klein); meer as 1250 gesinne (besoekpunte) waarvan meer as 'n kwart hiervan buite ons amptelike gemeentegrense woonagtig is. Ons is in die Top Tien van die grootste gemeentes in die Noordelike Sinode.

Ons gemeente se visie is : ELKEEN SAAM IN CHRISTUS. Elkeen – elke individu tel en is belangrik vir ons. Saam – ten spyte van die groot diversiteit streef ons daarna om een gemeenskaplike doel na te streef, naamlik om God te dien met alles wat ons is en doen. In Christus – getuig van die etiek waarmee ons ons bedieninge aanpak.

Mag die woorde van Nehemia 8:11 op ons elkeen van toepassing wees: "Gaan vier fees, eet en drink, en deel uit aan die wat niks voorberei het nie. Hierdie dag (jaar) word gewy aan ons Here. Moenie bedroef wees nie; as julle die Here met blydskap dien, sal Hy julle beskerm."

Lees gerus verder in hierdie Petros-nuusbrief hoe ons van 2012 'n feesjaar wil maak, waarin elkeen kan deel.

aanbid Elkeen ^ saam in Christus

Ek was bly toe hulle vir my gesê het: "Kom ons gaan na die huis van die Here toe." (Ps 122:1).

Wierdapark-Suid wil jou die geleentheid bied om God waarlik te aanbid. Dit geskied veral deur middel van ons eredienste. Ons het verskeie eredienste waardeur ons poog om in 'n groot verskeidenheid van spiritualiteit-behoeftes te voldoen.

Tans het ons twee "gewone" (tradisionele) eredienste wat Sondag-oggende in die kerkgebou aangebied word. Gelyktydig met hierdie eredienste bied ons ook 'n gesinsdiens in die saal aan, waar ons veral op ons gesinne met kleiner kinders fokus. Dit is 'n meer informele erediens in terme van Woordverkondiging en ook die lofprysing.

Saans bied ons weereens 'n keuse aan ons lidmate. Aan die eenkant is daar in die saal 'n jeugdiens wat vir alle ouderdomme bedoel is.

Dit is 'n baie informele erediens met 'n eietydse aanbieding waarin gepoog word om veral ons jongmense (en die wat nog jonk van gees is) doelmatig te betrek. Gelyktydig hiermee bied ons 'n adoramus-erediens (stilword-geleentheid) in die kerk aan. Hiertydens kry lidmate geleentheid om werklik stil voor God te raak en op so 'n wyse bewus te word van Sy unieke teenwoordigheid in hul lewe.

Ons droom vir 2012 is om ons aanbidding-style verder te verfyn. Die waarskynlikheid bestaan dat ons veral op twee aanbiddingstyle gaan fokus: 'n meer formele erediens en 'n meer informele erediens waartussen lidmate sal kan kies. Die moontlikheid dat eredienstye in die oggend mag verander sodat daar net twee oggend-eredienste is, is nie uitgesluit nie. So ook die moontlikheid dat die adoramus-erediens na 'n tydgleuf in die week mag skuif.

Die sukses van 'n gemeente se eredienste word gemeet aan die meelewing van lidmate gedurende die week.

toegerus

Elkeen saam in Christus

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk." (II Tim 3: 16 – 17).

Maak 2012 'n jaar waarin jy werklik volkome toegerus sal wees vir elke goeie werk! Wierdapark-Suid bied verskeie geleenthede reg deur die jaar.

Sommer van kleins-af (voorskool) wil ons vanuit ons **jeugbedieninge** elke ouderdomsgroep op 'n unieke en eiesoortige manier aanspreek. As jy hoor van Babbelbekkies, Woelwaters, Rakkers, Champs, Tieners, Belydenisklas, Ichtus – dis almal gefokusde jeugbedieninge! Nie net deur middel van die tradisionele kategese nie,maar ook deur middel van kampe, pretaande, LAN-aande, ouerleiding-geleenthede en praktiese dienslewering, wil ons jonk en oud toerus om waarlik lidmaat van God te wees.

Dan is daar ook nog (vir die meer **volwasse lidmaat**) geleenthede soos die Bybelskool (boodskap van die Bybel op vandag toegepas), Alpha (veral ook vir persone wat nog nie amptelik lidmaat van die NGK is nie) en Getroue Getuie-kursus (om die evangelie met ander te deel) wat DV aangebied gaan word. Moet ook nie die geestelike verrykingsaande wat ons vroue aanbied, vergeet nie!

Ons **kleingroep-bediening** (omgee-, sel-, Bybelstudie-, en intersessorsgroepe) vergader op verskillende tye en plekke gedurende die week. . Moenie hierdie unieke geleenthede om geestelik te groei misloop nie!Voeg hierby ons doelgerigte omgeebediening waardeur ons spesifiek uitreik na veral siekes en eensames. Selfs tuisnagmaal-geleenthede word op versoek gereël

Dan is daar nog tientalle van ander geleenthede waartydens elke lidmaat sy/haar gawe kan uitleef en sodoende toegerus word om ander te kan toerus vanuit hul belangstellings. Daar is geleenthede soos die gasvryheidbediening, nagmaalbediening, kantory, musiekbedieninge, wêreldbiddae, eko-bedieninge, spyseniering (gemeente-funksies en begrafnisse), blomme-rangskikkings en kampe. Voeg dan ook hierby huisbesoek-geleenthede deur die leraars. Ons wil jou graag aan huis besoek. Laat weet asb die kerkkantoor of kontak sommer 'n leraar direk. Sodoende leer ons mekaar ook beter ken.

Het jy 'n spesifieke behoefte/droom vir 2012? – laat weet ons, en ons begin dit (indien enigsins moontlik)!

'n Toegeruste lidmaat is 'n meelewende lidmaat.

reik uit

Elkeen saam in Christus

Dra mekaar se laste, en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus" (Gal.6:2)

Wierdapark-Suid wil in wese 'n uitreik- (en omgee-)gemeente wees. Daar word op baie verskillende maniere uitgereik.

- Ons gemeente ondersteun **sendelinge**, Alfred en Belinda Paetzold (oud-lidmate van ons gemeente) wat in die mees noordelike deel van Mosambiek onder onbereikte mense werk. Ons is ook in samewerking met ander gemeentes by Soekmekaar (naby Polokwane) betrokke.
- Dan word daar ook nog na ander **buurstate** soos Lesotho en Zimbabwe uitgereik. Van ons jongmense is ook by stranddienste in KwaZulu-Natal betrokke. Hulle het ook by die echo-jeugbedieninge (hawelose kinders in die stad) betrokke geraak.

Ons gemeente reik ook op 'n baie konkrete manier na baie inrigtings en ander mense met spesifieke behoeftes in die omgewing uit. Die bekendste hiervan is

- **Jakaranda-kinderhuis** waar ons vir 'n huis met tienerdogters verantwoordelikheid neem.
- Ons **kanker-mense lê** ons baie na aan die hart. Ons eie jaarlikse kansa-tee, asook inskakeling by Rooi Rose se kansa-tee , is van die vele hoogtepunte op ons jaarprogram.
- **Rusoord**, ons plaaslike aftreeoord, geniet ook besondere aandag by ons, met ons talle vrywilligers wat daar werksaam is.
- **Reddingsdaad**, 'n sentrum vir werkloses in Danville, geniet ook deurlopend aandag by ons met ons gevriesde sopprojek en ondersteuning van die bykans 300 erg behoeftige kinders daar.
- Dan is ons ook nog betrokke by **blindes** (ondersteuning van gidshonde), asook **dowes** (loslitdag).
- Wierdapark-Suid werk ook nou saam met ons plaaslike **Christelike Maatskaplike Raad (CMR)** wat op velerlei terreine 'n baie professionele ondersteuningsdiens lewer.
- **Die Christelike Afhanklikheidsdiens (CAD)** is 'n ondersteuningsgroep vir gerehabiliteerdes en hulle geliefdes in die groter omgewing.
- Plaaslik raak die saak van ons behoeftige lidmate (**alimentasie**) ook 'n al hoe groter uitdaging.
- Nuwe doelwitte vir 2012 is om ook plaaslik na **Olievenhoutbosch** en die **gevangenis** uit te reik

Deernis is twee harte wat saam een vrag trek